GROEP NOTAS | *GROUP NOTES*

SONDAG 4 FEB 2018 | ***SUNDAY 4 FEB 2018***

WELKOM | ***WELCOME***

- Wat was positief van die afgelope week? Enige goeie nuus? Waarvoor is jy dankbaar? Het jy 'n getuienis van iets wat God gedoen het?
- *What has been positive about the past week? Any good news? What are you thankful for? Have you got a testimony of what God has done?*

WOORD | ***WORD***

DIE WAPENRUSTING VAN GOD. | ***THE ARMOUR OF GOD.***

Efesiërs 6:10-18

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14 Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. 16 Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. 17 Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. 18 Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.

Ephesians 6:10-18

10 Finally, be strong in the Lord and in his mighty power. 11 Put on the full armor of God, so that you can take your stand against the devil's schemes. 12 For our struggle is not against flesh and blood, but against the rulers, against the authorities, against the powers of this dark world and against the spiritual forces of evil in the heavenly realms. 13 Therefore put on the full armor of God, so that when the day of evil comes, you may be able to stand your ground, and after you have done everything, to stand. 14 Stand firm then, with the belt of truth buckled around your waist, with the breastplate of righteousness in place, 15 and with your feet fitted with the readiness that comes from the gospel of peace. 16 In addition to all this, take up the shield of faith, with which you can extinguish all the flaming arrows of the evil one. 17 Take the helmet of salvation and the sword of the Spirit, which is the word of God. 18 And pray in the Spirit on all occasions with all kinds of prayers and requests. With this in mind, be alert and always keep on praying for all the Lord's people.

- Die Woord sê ons is in 'n stryd teen die duiwel se listige aanslae. Is jy al ooit "uitgevang" deur 'n listige aanslag van die duiwel? Vertel ons daarvan...
- *The Word says we are in a struggle against the devil's schemes. Have you ever been caught off guard by a "scheme" of the devil? Tell us about it...*

- Die geestes-wêreld is 'n realiteit. Daar is 'n konstante stryd tussen lig en duisternis. Hoe laat hierdie realiteit jou voel? Hoe werklik is hierdie stryd vir jou?
- *The spirit-world is a reality. A battle between light and darkness is raging. How does that reality make you feel? How real is it for you?*

- Lees weer deur die skrifgedeelte en identifiseer die **6-stuk wapenrusting** [beskerming] wat God ons gee. Bespreek wat jy dink die betekenis van elke gedeelte is en hoe ons dit prakties kan aantrek elke dag.
- *Read through the scripture again and try to identify the **6 pieces of armour** [protection] God gives us. Discuss what you think is the meaning of the different pieces of armour and how we can put them on practically everyday.*

- BID VIR MEKAAR, FAMILIE & VRIENDE. BID VIR GEBEDSVERSOEKE.
- PRAY FOR EACH OTHER, FAMILY & FRIENDS. PRAY FOR PRAYER REQUESTS.